

## Groete uit die Sinodehuis

29 Februarie 2016

*Kollega,*

*Dit is vandag skrikkeltdag en aldus 'n ietwat ongewone, dog spesiale dag van die jaar. Dit is daarom vir my lekker om op hierdie bonusdag van 2016 aan jou te skryf.*

*'n Mens sou seker ook van die anderkant af na 29 Februarie kon kyk en dan het ons vir drie jaar lank telkens 'n jaar wat een dag korter is. Elke vierde jaar sou dan 'n normale jaar met 366 dae wees. Te midde van die dulle gejaag sou 'n ekstra dag dalk soos manna uit die hemel wees, maar ander kere sou ons dalk baie dankbaar wees as 'n spesifieke dag in die jaar eerder kon verdwyn...*

*Sedert ek op 13 Februarie verlede jaar by die spesiale sinodesitting as direkteur bevestig is, was al die dae regtig mooi en goed. Ek is baie dankbaar vir dit wat ek in die tyd kon leer, vir elke koffie saam met 'n kollega, vir elke geleentheid saam met 'n ring of gemeente. Dit is 'n voorreg om julle beter te leer ken en saam met julle op weg te wees!*

*Die eerste twee maande van hierdie jaar het reeds duidelik gewys dat die 2016 kalenderjaar baie eise aan elkeen van ons gaan stel. In soverre as wat dit moontlik is, sal ons as personeel by die Sinodehuis graag wil help en ondersteun. Kontak gerus vir Johan Kruger, Naomi van Wyk, Hermien Swart, Sandra Grobler of vir myself en kom kuier asb. vir ons. Ek kuier ook graag by julle en daarom aanvaar ek graag uitnodigings na leraarsbyeenkomste, bevestigings- en*

*afskeidsgeleenthede van kollegas, ringsbyeenkomste, gemeentefeeste, asook ander eredienste en geleenthede.*

*Bly ook eerstehands ingelig oor wat in die sinodale gebied, asook op die breë kerklike terrein gebeur, deur elke Vrydag die "Verskil" te lees. Hiermien doen baie moeite om ons nuusbrieff goed te versorg en ontvang ook graag bydraes vir plasing.*

*In die kerkjaar is ons binnekort by Paasfees. Op pad daarheen kyk ons in die veertig dae Lydenstyd saam met Jesus in die spieël. Dit is my gebed dat ons 'n slag met nuwe oë sal kyk - nuut sal kyk na die mense rondom ons, nuut sal kyk na onself, nuut sal kyk na die Kerk en nuut sal kyk na die wêreld.*

*Mag elke dag van die res van 2016 vir jou spesiaal wees!*

*Groete,*

A handwritten signature in cursive script, appearing to read "Paul", with a horizontal line underneath it.

082 653 5734  
[paul@noordsin.co.za](mailto:paul@noordsin.co.za)